

Skriflesing: 1 Johannes 1:5-2:2

Teks: 1 Johannes 2:1-2

Sing- Ps. 68:1,2; Ps. 38:1,8; Ps. 103:7; Ps. 94:5,6

1 Johannes 1:5-2:2

1Jn 1:5 En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.

1Jn 1:6 As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie.

1Jn 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

1Jn 1:8 As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.

1Jn 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

1Jn 1:10 As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.

1Jn 2:1 My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.

1Jn 2:2 En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.

Skriflesing: 1 Johannes 1:5-2:2

Teks: 1 Johannes 2:1-2

Sing- Ps. 68:1,2; Ps. 38:1,8; Ps. 103:7; Ps. 94:5,6

Broeder en suster- Waar ons verlede Sondag die Nagmaal van die Here gevier het, bly dit 'n belangrike vraag- Watter wêreld is ek besig om met my lewe in te beweeg. Ons het by die nabetraging 'n duidelike onderskeid moes maak tussen die wêreld van God (God se wêreld is God se koninkryk) en direk hierteenoor is die wêreld wat in die duisternis lê, dit wat in die Bose lê. Die wêreld van lig – waar God is en die wêreld van duisternis wat in die mag van die Bose lê. By God is daar geen duisternis nie. Daaraan hou ons vas.

By verlede Sondag was die vraag by nabetraging waar staan ek voor die Here wat Lig is. Ons het dit skerp moes vra. Waarheen is ek op pad. Die Qua Vadis vraag- *wat is jou pad, waarheen is jy op pad?* Dit is die werklike erns waarmee ons vandag met hierdie gryse apostel verder moet gaan. Sy lewe op aarde is amper verby. Hy kon hom net sowel voorgeneem het, hier is nie eintlik vir my rede om nog weer sulke briewe te skrywe, ná hy eintlik al so baie geskrywe het nie. Die Johannes-evangelie en dan kom Openbaring ook nog, in alles het ek seker my kant gebring, maar geliefdes nêrens gaan dit oor homself, wat sy bydrae was en wat hy voel hy nou mee kan afsluit nie.

Heeltyd gaan dit daaroor dat God se heiligheid is in die lig wat God is afgeteken. Met God se heiligheid loop ons nie draaie nie, met God word daar nie speletjies gespeel en draaie

Pretoria- 1 Maart 2015

gehardloop soos wat 'n draaijakkals dink om met 'n hond dit te doen nie. God se pad met ons is 'n reguit pad en wanneer God met ons praat word daar reguit gepraat, soos wat Johannes dit doen in wanneer God deur Hom met ons praat.

Johannes as bejaarde dienaar van God is besig om vir die kinders van die Here baie ernstig en baie duidelik hulle lewenskaart soos 'n legkaart stukkie vir stukkie in te pas. Ons hoor die gryse vader praat- ja in die Grieks is dit dit asof hy sê – kinders julle moet na my luister... *1 My kinders, (in die Grieks staan hier- KINDERTJIES) ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. 2 En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.* Hier straal 'n besondere liefde uit. Liefde wat in die lig van God aan die werk is. Dit is eers lig dan liefde. Eers God is lig dan eers sal God se liefde in plek kom.

In hierdie lig van God gaan dit om jou lewenskaart reg te vorm. Dit is 'n lewenskuns. Die lewenskuns wat alleen die uitverkorenes toekom, om dan waarlik met God gemeenskap te mag hê, deel te mag word van God se huisgesin, om die wêreld van lig en donker heel duidelik en konkreet te onderskei. Ja, dit is mense wat met God in noue verband geplaas word (dit is verbondskinders), ons is uit God, daar is gemeenskap met God, al hierdie dinge wat ons anders maak as maar net nog 'n groepie mense, ons moet beseef wat maak ons anders?!

Op die einde moet dit alles een groot prent vorm- Daardie woorde in 1 Joh. 5:19- *Ons wat moet weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.* Met hierdie sentrale gedagte sluit ons aan by wat verlede Sondag met ons nabetragting 'n baie belangrike vraag was. Ja, ongelukkig moet ek die hartseer van verlede Sondag weereens na vore bring, waar ons seker van die swakste bywoning van 'n nabetragting nog ooit moes aanskou. Die Nagmaal se bywoning met ons aanmekeer dalende getalle was al swaar om te verwerk en dan word die appelkar menslik gesproke verder omgegooi deurdat net 50% van hulle wat Nagmaal gebruik het, dit as noodsaaklik beskou om dankbaar te wees vir wat God vir ons so pas by die Nagmaal gegee het. Daarom die begin vraag vandag gevra- **WAARHEEN IS ONS OP PAD?** Ons het dit nog skerper moes vra... Is ek op die stadium in hierdie gemeente deel van 'n oplossing of het ek deel van 'n probleem geword?

Pretoria- 1 Maart 2015

Kom ons wil luister wat hier staan- Johannes stel dit baie sterk dat as ons sê dat ons *met God gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie*. Vir wie lieg 'n mens, nie in die eerste plek vir ander mense nie, nee daar is 'n poging om God te bedrieg en so bedrieg ek myself! Dit terwyl daar healtyd heilige eerbied, heilige ontsag vir God moet wees, dié God in Wie daar geen duisternis is nie. Die duisternis van ons afvalligheid, louheid, ligsinnigheid, oppervlakkigheid, niks van die dinge moet by ons wees nie, want God wil dit beslis nie by Hom hê nie. As jy met God gemeenskap wil hê, as jy waarlik in die lig wil wees, soos wat God dit bekendmaak, Hy die Lig is, as jy werklik die volkome blydskap wil beleef waarmee ons al by die voorbereiding begin het, dan lewe jy nie soos 'n mens wat maar net maak of ek wedergebore is nie.

Nee, hy wat waarlik wedergebore is, sal as deel van sy nuwe lewe, weet wat dit beteken om wedergebore te wees. Soos dikwels al uitgewys, om die ewige lewe te ontvang en om wedergebore te wees is by Johannes een en dieselfde. Ja, Johannes is baie duidelik en sterk aan die beweeg in alles wat ons doen, moet ons dit uit God kan doen. Die gedagte van die wedergeborene is UIT GOD... Hierdie uitdrukking van om UIT GOD TE WEES- kom ten minste 12X in hierdie eerste brief voor. Om uit God gebore te wees, om vanuit God die lewe in te gaan, is om waarlik deel van God se wêreld, deel van God se koninkryk te wees. Dit wat Jesus vir Nikodemus gesê het, is waaroor dit healtyd gaan... Joh. 3:3- *As iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie...*

Wanneer Johannes dan met die wedergeborenes praat, met God se huisgesin, God se uitverkorenes, dan kyk 'n mens met ander oë na die wêreld waar die sonde en die bose heers. Die wêreld begin vir jou te lyk soos wat God na die wêreld kyk. So 'n wedergeborene sien die wêreld anders as mense wat nie uit God is nie. Uit die gesin van God word na die kruis van Jesus en na Jesus Self en na lyding en beproewinge en jou vyande met ander oë na gekyk. Wanneer ons uit die oë van God na al hierdie dinge kyk dan is die opoffering wat ons maak nie werklik opoffering nie, nee ek vervang in my hele lewe die woord **opoffering** met die woord **dankbaarheid**. Vir God kan ek my nie opoffer, vir God kan ek net dankbaar wees. Opoffering bestaan eintlik nie in die ware sin vir die ware gelowige nie. Wat ons dink om te offer kan net wees 'n lewe van dankbaarheid, 'n offer van dankbaarheid. Is dit nie wat Rom.12:1 so besonders maak nie- *I Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.*

As wedergebore kinders van God kom ons agter dat Johannes hou daarmee vol om ook die betekenis van die wedergeboorte te beskryf- Ek het waarlik 'n verlange na kontak met God. Ek sal enige geleentheid wat daar kan wees om met God kontak te maak aangryp. Ek gaan ophou om langer deel van 'n probleem te wees... ek gaan veel eerder strewende om deel van die oplossing te wees, die oplossing wat God daarstel.

As wedergeborene wat werklik met God kontak behou gaan dit daarom dat 'n wedergeborene het die Gees van God. 1 Joh. 3:9 sien die Heilige Gees as die saad van God- *9 Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.* Die Gees van God in God se kind, maak dat die een uit God gebore anders optree. Kyk hoe Johannes dit deurlopend uitwys. Weereens 1 Joh. 3:9, maar ook hfst. 5:4 en weer 5:18- Elke keer wys hy hoe anders die gelowige optree as die een wat nie wedergebore is nie. So een lewe nie meer 'n lewe van sonde nie. So een se lewe word deur liefde gekenmerk (1 Joh. 4:7,5:1) Die wedergeborene word aan 'n regverdige lewe uitgeken (1 Joh. 2:29). Ja, geloof se aansluitpunt is om wedergebore te wees. Wie nie wedergebore is nie, kan nie waarlik glo nie. Tog wie nie waarlik glo nie, is ook nie waarlik wedergebore nie. Die een kan nie sonder die ander wees nie. Dit is wat Joh. 5:1 tot op die einde benadruk. *1 Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore.*

Buiten dat die wedergeborene waarlik met God kontak kan hê, die wedergeborene tree anders op, is daar 'n derde belangrike saak wat alleen wedergeborenes toekom. Wedergeboorte plaas jou diep in die bewarende hand van God. Daarom dat ons deel van die oplossing kan wees, God stel ons daartoe in staat wanneer God se Seun naby jou wil wees, Hy wil jou so bewaar dat die duiwel nie sy greep op jou kan kry nie- Presies dit wat in 1 Joh. 5:18 staan- *18 Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie.*

Geliefdes daarom dat ons teksverse 'n baie sterk vermaning bevat- Hou op om die slegte goed te wil praat. Word deel van 'n oplossing, moet nie langer deel van die probleem, deel van die sonde wil wees nie. As jy waarlik God se saad in jou het, jy het die Heilige Gees ontvang, dan hou ek vandag daarmee op om slegte dinge goed te wil praat, soos deur nie die

Pretoria- 1 Maart 2015

tweede erediens by te woon nie, deur nie getrou te wees in jou dankbaarheidslewe nie, deur my dankoffer wat nie getuig van ware dankbaarheid nie, deur jou verantwoordelikheid in jou gesin en jou huwelik nie na te kom nie, deur op allerhande maniere jouself te verskoon in die dinge wat ek weet ek is skuldig.

Kortom al die dinge wat in die duisternis lê, dinge wat God buite sy wêreld plaas, dinge buite die koninkryk, al die dinge wat nie pas in die lewe van 'n wedergebore kind van God nie.

Wanneer ons hierdie vermaninge duidelik kon hoor dan is ons mense wat voor ons eie deur moet vee... ons is wedergebore mense wat ons werklik gaan steur aan wat hier staan, dan het Johannes in ons teksverse meer as net 'n vermaning.

Hy gee ons rede om moed te hou, ons kan waarlik bly wees, want ek kan met my sonde wat my lewe wil opvreet net na Jesus Christus gaan. Hoe staan dit in ons teksverse... *as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. 2 En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.* Dit wat die sonde doen, die letsels wat dit laat, die trane wat dit bring, die geraamtes wat in ons kaste kletter, onbesonne dinge wat ons kon aanvang, dinge wat my laat besef ek kan nie die horlosie terugdraai nie. Soos 'n dronk man wat 'n kindjie dooddry. Hy mag waarlik berou daarvoor hê, tog kan hy met die beste wil en die grootste berou nie die kindjie aan sy ouers teruggee nie. Hoe graag hy ook wil, dit bly gedane sake. In daardie opsig het dit geen keer. Dink maar aan ons vader in die geloof- Abraham, daardie een kleingeloofdaad met Hagar, daardie eenmalige onbesonne buite-egtelike daad is vir die gelowige tot vandag 'n verskriklike las. Dit het die Ismaeliete die wêreld ingebring, die nageslag van Ismael is die begin van die Moslems, die mees geswore vyande van die Christendom tot vandag toe. In Gal 4:22-31 dan skrywe Paulus oor hierdie mense wat vir die slawerny kinders baar. Hulle verstaan nie die vryheid in Christus nie, want hulle het dit nie.

Ons wat in Christus is, uit God gebore, vrygemaak, wedergebore kinders van God, ons wat in gemeenskap met God geplaas is, alles dinge wat ons deur die loop van die brief tot nou reeds gehoor het, ons het 'n Advokaat in die hemel. Dit is presies wat die Voorspraak in ons teksverse beteken... Christus die Regverdige Hy is jou en my Advokaat. Hy het vir ons betaal maar Hy doen nog meer. Hy tree ook nou vir ons in. Johannes sien Hom as Een baie groot. Ons Voorspraak is *'n versoening vir ons sondes en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.* Nou moet ons weer mooi onderskei. Nêrens is dit 'n geval van dat die

hele wêreld met God versoen is nie. Dit besef ons, dit sien ons elke dag, hoe duidelik al hoe meer mense al hoe vêrder van God wegbeweeg. Hulle is definitief nie met God versoen nie. Hulle is deel van 'n al hoe groter wordende probleem. As Johannes praat van Christus wat as Voorspraak ons met God versoen, dan sou sy versoeningswerk groot genoeg wees om die hele wêreld met God te versoen, aan die genoegdoening, aan die volmaaktheid van Christus se werk skort daar niks nie, die hele wêreld sou daarby kon baat, maar dit moet ons net weereens onderstreep, hierdie versoening is alleen aan die werk in hulle wat uit God is. Hulle wat wedergebore is, terwyl die sentrale gedagte van Johannes heelyd bly, *ons wat weet dat ons uit God is, weet ook dat die hele wêreld in die mag van die Bose lê*. God wil nie almal red nie. Dit bevestig Jesus ook in sy Hoëpriesterlike gebed- Joh. 17:9- *Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort*.

Ons besef die voorreg, die besondere genade om so 'n Voorspraak te mag hê, ja ons besef wat dit beteken om met God versoen te wees, jou sondes kan vergewe word. Christus het ook vir jou betaal, vir jou wat waarlik sy kind is. Moet nie langer sondig nie, moet nie met God speletjies wil speel nie, allerhande verskonings wil soek, wil maak asof my louheid en halfhartigheid in my diens aan God darem verskoonbaar is nie, ek nie ernstig ondersoek moet doen oor myself nie. As ons as gemeente hiermee gaan aanhou, dan gaan ons word soos die gemeente wat ons aanvaar hierdie eerste Johannes-brief voor geskryf is. Efese se kandelaar is verwyder. Hulle het opgehou om 'n gemeente van God te wees. Ja, het dieselfde Johannes in Openbaring hierdie gemeente in Christus gesien dan sê Christus vir hulle- Openbaring 2:4-5: *4 Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. 5 Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie*. Die raakvlakke tussen ons en Efese raak nie minder nie, laat ons waarlik ons bekeer dat ons bekeer kan wees. 'n Kerk uit die hart van God gebore, 'n kerk uit God gebore kan ook 'n leë kerk word, uit God se hart van liefde het hierdie kerk gekom, maar dit het 'n leë sonder die Heilige Gees vervulde, onwedergebore kerk geword, niks het hulle meer bly gemaak, opgewonde gemaak nie, koue pligpleging is nie volkome blydschap nie. Hulle het God se liefde met leegheid geantwoord, hulle het hulle eerste liefde verlaat...Waar staan ons vandag... ja Qua Vadis- waar staan jy op die pad, waarheen is jy op pad?

AMEN